Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2022

# GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**
**FINANSIËLE GELETTERDHEID**

**(VRAESTEL 1)**

EXEMPLAR

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 50**

**7 bladsye en 'n antwoordboek van 7 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit Afdelings A en B en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk van die KABV Aangepaste Dokument en die HOJP. Hierdie vraestel bevat vrae oor die onderwerp, Finansiële Geletterdheid.

**AFDELING A**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Meervoudigekeuse-vrae | (5) |
| VRAAG 1.2: | Voltooi die sinne | (5) |
| | | **[10]** |

**AFDELING B**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | Rekeningkundige Vergelyking | (11) |
| VRAAG 3: | Joernale | (11) |
| VRAAG 4: | Algemene Grootboek | (8) |
| VRAAG 5: | Proefbalans | (10) |
| | | **[40]** |

2. ALLE vrae is verpligtend.

3. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING A**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies is verskaf as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ŉ … neem toe aan die kredietkant en neem af aan die debietkant.

A Bate
B Las
C Uitgawe
D Wins (1)

1.1.2 ŉ Persoon wat goedere aankoop van ŉ onderneming en belowe om op ŉ later stadium te betaal, word ŉ … genoem.

A krediteur
B verkoopsman
C debiteur
D direkteur (1)

1.1.3 Geld wat ontvang word vir die verkope van handelsvoorraad, word aangeteken in die …

A Debiteurejoernaal.
B Kontantontvangstejoernaal.
C Krediteurejoernaal.
D Algemene Grootboek. (1)

1.1.4 Wanneer ŉ transaksie meer as een rekening in die Algemene Grootboek affekteer, word dit … genoem.

A geldmark
B dubbelinskrywingsbeginsel
C hulpjoernaal
D rekeningkundige siklus (1)

1.1.5 Die verkoopsprys van handelsvoorraad is R5 200 en die winsopslag 25%. Bereken die kosprys.

A 4 500
B 4 160
C 4 900
D 4 200 (1)
**[5]**

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 **VOLTOOI DIE SINNE**

Gebruik die woorde in die woordbank hieronder om die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.6 bates.

| |
|---|
| debiet; EFO; Faktuur; kontantontvangste; gekrediteer; hulpjoernaal; Algemene Grootboek; bank; kontantbetalings |

1.2.1 Al die geld wat die besigheid ontvang, word in die ______ rekening gedeponeer.

1.2.2 Wanneer fondse elektronies van een rekening na ŉ ander oorgeplaas word, word dit ŉ ______ genoem.

1.2.3 ŉ ______ word uitgereik wanneer goedere en dienste op krediet verkoop word.

1.2.4 ŉ ______ balans in die bankrekening word ook ŉ gunstige bankbalans in die Algemene Grootboek genoem.

1.2.5 Wanneer die eienaar vir sy persoonlike selfoon betaal uit die besigheid se bankrekening, word dit aangeteken in die _________ joernaal.

(5 x 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B

### VRAAG 2: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Analiseer die volgende transaksies en dui die effek aan wat elkeen op die rekeningkundige vergelyking sal hê.

| No. | Transaksie |
|---|---|
| bv. | Koop goedere van Mzimba Handelaars, R6 500 en doen ŉ EFO na sy rekening. |
| 2.1 | Koop penne en koeverte, R3 000 van JP Handelaars en betaal per EFO. |
| 2.2 | Voorraad met ŉ kosprys van R2 500 en ŉ winsopslag van 25% is verkoop aan Mnr. Marais vir kontant. |

**[11]**

### VRAAG 3: JOERNALE

Mnr. Bubble is die eienaar van Die Borrelwinkel, ŉ plaaslike borrel- en seepwinkel. Hy moes die land verlaat vir ŉ dringende familiesaak en het jou gevra om sy transaksies vir Februarie 2022 in die Hulpjoernale aan te teken.

Gebruik die transaksies hieronder om die volgende joernale vir Die Borrelwinkel vir Februarie 2022 voor te berei.

**VEREIS:**

3.1 Kontantontvangstejoernaal vir Februarie 2022 (5)

3.2 Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2022 (3)

3.3 Debiteurejoernaal vir Februarie 2022 (3)
**[11]**

**NOTA:** Moenie die joernale afsluit aan die einde van die maand nie.

**TRANSAKSIES**

3 Die eienaar van Die Borrelwinkel verhoog sy kapitaalbydrae van R135 000 tot R200 000 via die besigheid se banktoepassing en ontvang kwitansie K001.
Hy het ook die tariewe en belasting aan die munisipaliteit betaal, R5 500. (EFO 01)

6 Goedere met ŉ kosprys van R4 000 is verkoop aan Mnr. Z. Zulu. Faktuur 10 is uitgereik aan hom vir R5 000.

17 Ontvang ŉ kennisgewing van die bank dat R2 000 ontvang is van Mnr. Z. Zulu ter gedeeltelike betaling van sy rekening.

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 4: ALGEMENE GROOTBOEK**

Jy word voorsien van die volgende inligting vir Lekkertjie Verkopers vir Mei 2022.

**VEREIS:**

Gebruik die volgende joernaal inskrywings om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek te voltooi:

4.1 Bank (5)

4.2 Verkope (3)

**NOTA:**

Openingsaldo: Die bank reflekteer ŉ gunstige balans van R12 000 op 1 Mei 2022.

Kontantontvangstejoernaal van Lekkertjie Verkopers vir Mei 2022 KOJ5

| Dok no. | Dag | Besonder-hede | Fol. | Ontleding van ontvang-stes | Bank | Ver-kope | Koste van Ver-kope | Debiteure-kontrole | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | Bedrag | Fol. | Besonder-hede |
| | 31 | Balans | a/b | | **7 500** | **6 000** | **4 500** | **3 500** | | | |

Debiteurejoernaal van Lekkertjie Verkopers vir Mei 2022 DJ5

| Dok no. | Dag | Debiteur | Fol. | Verkope | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | Van der Merwe | D1 | **4 000** | **2 800** |

**[8]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 5: PROEFBALANS**

Bestudeer die volgende saldo's en totale van die Algemene Grootboek van Die Hoed Verskaffer op 30 April 2022.

| | |
|---|---|
| Skryfbehoeftes | 12 000 |
| Handelsvoorraad | 30 000 |
| Onttrekkings | 8 000 |
| Lone | 15 000 |
| Verkope | **?** |
| Kapitaal | 60 000 |
| Huurinkomste | 5 000 |
| Bank (Dt) | 50 000 |
| Telefoon | 10 000 |
| Toerusting | 5 000 |
| Koste van verkope | 100 000 |
| Krediteurekontrole | 15 000 |

Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.

**VEREIS:**

5.1 Klassifiseer die rekening volgens die Nominale- en Balansstaat Rekeninge afdelings en voltooi die Proefbalans in jou ANTWOORDBOEK.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**TOTAAL: 50**

EXEMPLAR

**EINDE**